[4] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 12

A. Inleiding

Psalm 12 is gebed tot die Here om in te gryp in ’n samelewing waarin vrome en getroue mense besig is om te verdwyn vanweë die onreg en onderdrukking wat hulle beleef deur die bedrieglike optrede van bose en ontroue mense. Die fokus van die psalm is egter die Here se antwoord op die gebed in vers 6. Die hele psalm sentreer eintlik om dié antwoord van die Here:

A 2-3 Gebed tot die Here om hulp omdat bedrog en korrupsie oorheers
B 4-5 Versoek dat die Here die arrogante mense wat spraak misbruik, sal verwyder
C 6 Die Here se belofte om dié wat verdruk word, te beskerm
B' 7 Die suiwerheid van die Here se spraak
A' 8-9 Uitspraak van vertroue dat die Here die vromes teen die goddeloses sal beskerm

Die konsentriese opbou van die psalm word versterk omdat die Here se belofte van hulp (vers 6) in vers 7 as suiwer, gelouterde woorde besing word (B'). Die Here se belofte staan dus in kontras tot die besoedelde, “dubbelhartige” spraak (B) van arrogante mense wat woorde misbruik om ander uit te buit. Die beskrywing van die mensheid as “mensekinders” wat in vers 2 voorkom, word weer in vers 9 herhaal. Dit lê ’n verbintenis tussen A en A'. In elke deel van die psalm kom die naam van die Here, Jahwe (in Afrikaans weergegee as HERE met hoofletters), een keer voor, wat ook help om die strofes af te baken.

As ’n gebed wat aan Dawid toegeskryf word (vers 1), het die psalm gedien om gelowiges aan te moedig om, soos Dawid, die Here om hulp te vra en op Hom te bly vertrou. Terselfdertyd het dit egter gedien om die goddelose mense te waarsku dat die Here gereed is om teen hulle op te tree. Deur verskillende name en beskrywings vir die gelowiges en die goddelose te gebruik, het die psalmdigter die verskille tussen die twee groepe duidelik uitgelig en ’n gemeenskaplike geloof en samehorigheid by die gelowiges versterk.

Daar is riglynantwoorde aan die einde, maar probeer eers om self die antwoorde op die vrae hieronder te verskaf. Die 1953-vertaling word hier gebruik, maar jy is welkom om ook ander vertalings te raadpleeg.

[1] VIR die musiekleier; met basstem. ’n Psalm van Dawid.

A [2] Red, o **HERE**, want daar is geen vrome meer nie;
want die getroues het verdwyn onder **die mensekinders**. Ps 14:3 Miga 7:2
[3] Hulle praat leuens, die een met die ander; Vers 3-5: Ps 15:2-3
met vleiende lippe spreek hulle dubbelhartig. Ps 28:3; 52:4-6; 55:22
B [4] Mag die **HERE** al die vleiende lippe uitroei, Ps 120:2-3
die tong wat grootpraat,

[5] hulle wat sê: Met ons tong is ons sterk; Jes 59:3-4; Jer 9:7
ons lippe is met ons! Wie is heer oor ons?
C [6] Oor die verdrukking van die ellendiges, oor die gesug van die behoeftiges
sal Ek nou opstaan, sê die **HERE**;
Ek sal hom in veiligheid stel wat daarna smag.
A' [7] Die woorde van die **HERE** is rein woorde, Ps 18:31; 19:8-9; 119:140 Spr 30:5
silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde,
gesuiwer sewe maal. Ps. 18:31; 19:8.
B' [8] U, o **HERE**, sal hulle bewaar;
U sal ons bewaar van hierdie geslag vir ewig.
[9] Die goddelose draf rond
as laagheid die oorhand kry by **die mensekinders**.

B. Besprekingsvrae

1. Maak 'n lys van al die woorde waarmee die digter sy groep, die gelowiges, beskryf. Daar is beskrywings in verse 2 en 6. Hoe sou jy die gelowiges se omstandighede en karakter dus beskryf?

2. Maak ook 'n lys van die verkeerde dinge wat die teenstanders, die goddeloses, aan ander mense, in besonder aan die gelowiges doen. Dit kom voor in verse 3, 4, 5, 6, en 9. Wat sê dit oor die karakter van die goddelose mense?

3. Die Here antwoord dat Hy "nou" gaan opstaan, dus gaan ingryp. Die psalmdigter, wat deur die opskrif as "Dawid" geïdentifiseer word, het in die voorafgaande psalms presies vier keer vir die Here gevra "staan asseblief op". Dit het gebeur in Ps 3:8; 7:7; 9:20 en 10:12. In die geval van Ps 3:3, 7:15, en 10:13 was die versoek ook (ten minste gedeeltelik) oor dinge wat die vyande gesê het. Wat het hulle gesê wat hom so ontstel het?

4. Die Here se "rein" en "silwer" woorde bevat geen onsuiwerheid, geen onwaarheid nie. Hierdie beskrywing is bedoel om die psalmdigter se groep medegelowiges te oortuig om aan Hom getrou te bly. Dit is egter ook in die algemeen waar van die Here se riglyne vir 'n opregte lewe. Lees Ps 18:31 en 19:8-15. Hoe help die Here se suiwer woorde ons om 'n opregte lewe te lei?

5. Dank die Here dat Hy bewus is van die swaarkry van sy kinders. Vra Hom om jou altyd te bewaar in tye wanneer gelowiges vervolg of uitgebuit word, en vertrou Hom om jou staande te hou in sulke tye, veral deur sy Woord.

C. Riglynantwoorde

1. Vromes, getroues, ellendiges, behoeftiges, mense wat na veiligheid smag. Hulle is mense wat daarna streef om aan die Here getrou te bly ten spyte van uitbuiting en vervolging. Hulle smag daarna om by die Here te wees en sy beskerming te geniet.

2. Hulle lieg vir ander mense, hulle gebruik vleitaal om mense te bedrieg (dubbelhartig is om een ding te sê en iets anders daarmee te beoog), hulle sê arrogant dat hulle enigiets kan regkry met hulle tonge, dat niemand oor hulle baas is nie, hulle verdruk en bedreig die gelowiges, hulle getalle groei aan omdat dit deur boosheid gevoed word. Hulle arrogansie kom neer op praktiese ateïsme – hulle ontken God se bestaan deur hulle optrede.

3. In Ps 3:3 het die vyande gesê dat daar geen hulp vir die psalmdigter by God is nie; in Ps 7:15 het hulle boosheid beplan en dit het op leuens uitgeloop; in Ps 10:13 het hulle ook gesê dat God nie kennis neem van hulle boosheid nie. Met die dinge wat hulle sê, tas hulle dus God se eer aan.

4. Die weg van God is volmaak en sy woord is gelouter volgens Ps 18:31. Dit is sy voorskrifte vir ŉ mens se lewe wat volkome is. As ŉ mens dit volg, bewaar dit jou van struikeling en afdwaling. Volgens Ps 19:8 voed die wet van die Here ŉ mens se siel en gee dit wysheid aan elkeen wat onervare is. Vers 9 sê dit gee insig aan ŉ mens (verlig die oë). Die Here se voorskrifte is meer begeerlik as goud of heuning (vers 11), dit waarsku ŉ mens teen oortreding (vers 12) en dit help ŉ mens om jou eie woorde ook suiwer te hou (vers 15).